Bronnie

# Die The Bronberger

fokus op die landelike leefwyse / focus on country living

gratis/free

April 2024 Vol.22 No.8

info@bronberger.co.za
www.bronberger.co.za
012 734 0522

*Nou ook beskikbaar via WhatsApp en e-pos*



## Binne / Inside:

- Steenkool is net in die pad – bl 6
- Vermoor by snelweg-lokval – bl 9
- Brawe Naka oorleef aanval – bl 22
- Stapper verdrink in rotspoel – bl 8
- Stories oor dorp se sonkant – bl 16
- Let's heed The Muse's call – p 29


V-Tek
Service Centre
MAX
A/C
AUTO REPAIR & MAINTENANCE
Services Offered
Routine Maintenance Services
✓ Oil changes
✓ Major Services
✓ Wheel alignments
✓ Brake inspections and repairs
✓ Battery checks and replacements
✓ Transmission services
✓ Tyre rotations
✓ Air conditioning services
Repair and Replacement Services
✓ Engine repairs and replacements
✓ Transmission repairs and replacements
✓ Suspension and steering repairs
✓ Electrical system repairs
✓ Exhaust system repairs and replacements
✓ Interior upholstery
✓ DPF regeneration
Complete Diagnostic Services
✓ Computerized engine analysis
✓ Airbag System diagnostics & repairs
✓ Fuel system diagnostics
✓ Electrical system diagnostics
✓ Fault code reports
Schedule an appointment:
012 803 4021 / 071 335 6453
And let us take care of all your vehicle maintenance & repairs!
www.vtekservicecentre.my.canva.site/
012 803 4021
50 Graham Road, Shere
Pretoria East
RMI
miwa


RAYTON H/v R515 & R104, Jan Ellis Winkelsentrum
MORELETAPARK De Villebois Mareuilstraat 1267
012 940 0511
www.waterpumpgroup.co.za
admin@waterpumpgroup.co.za
Water Pump Group
sustainable reliable solutions
PROUDLY SOUTH AFRICAN
Professionele en omvattende watervoorsiening
• BOORGATPOMPE • SONKRAGPOMPE • DRUKPOMPE
• VSD POMPE • DOMPELPOMPE • BESPROEIINGS TOEBEHORE
• TENKS • VERVAARDIGING VAN HDPE & LDPE PYPE
• BOORGAT TOETS EN INSTALLASIES • EN ANDER WATER TOEBEHORE
Besoek ons winkels vir al jou benodighede en professionele diens.


INYATI DRILLING
INYATI DRILLING
ONTDEK DIE KRAG VAN GESPESIALISEERDE UAV GEOFISIESE EN MAGNETIESE OPNAMES
HOE WERK DIT?
Inyati Drilling is opgewonde om ons baanbreker boortegnieke saam met die nuutste hommeltuig-tegnologie ten toon te stel. Ons gebruik gevorderde tegnologie, die DJI Matrice 600 Pro met 'n kaliummagnetometer in die lug, om data van hoë gehalte teen die hoogste steekproeftempo in te samel. Hierdie data stel ons in staat om geologiese strukture vir optimale boorplekke te karteer, mineraalafsettings te identifiseer, begrawe infrastruktuur te karteer en presisiesendings vir UXO-, ingenieurs- en omgewingsdoeleindes uit te voer.
012 940 0507
sales@inyatigroup.co.za
www.inyatigroup.co.za

Bronnie
**Bronberger**

**April 2024**

**012 734 0522** / www.bronberger.co.za



**• Redaksie •**
Angie Kleijn 012 734 0522
info@bronberger.co.za
WhatsApp/Telegram: 083 959 1016


## Advertensie: Navrae en Bespreking



Tania 072 089 0227
tania@bronberger.co.za

Bel ons nou vir jou wenner-advertensie in ***Die Bronberger***. Ons staan jou by met raad, daad, fotografie en die opstel en uitleg van jou advertensie teen geen ekstra koste nie. Jy kry 'n gratis proef vir goedkeuring voor plasing. 'n Advertensie in ***Die Bronberger*** bring nuwe voete na jou besigheid. Ons bereik die min ontginde koopkrag in die ooste van, en ten ooste van Pretoria met 'n publikasie wat die mense regtig wil lees. Vra gerus ons gereelde adverteerders of volg die lesersmeelewing in ons briewekolom.

Bel ons by 012 734 0522 of stuur 'n e-pos na info@bronberger.co.za.
Besoek www.bronberger.co.za.



Hannes 072 992 5440
hannes@bronberger.co.za
Rayton, Cullinan, Bronkhorstspruit


**Uitgegee deur:** Die Bronberger, Posbus 92366, Mooikloof, 0059 Tel: 012 734 0522;
Faks: 086 650 7860
E-pos: info@bronberger.co.za
Gedruk deur Seriti Printing Digital, Derdepoortstraat 318, Silverton

**Advertensie & redaksionele navrae en -bydraes**
Tel: 012 734 0522

**Verspreiding / Distribution:** Die Bronberger word teen die middel van elke maand versprei:
Toonbankverspreiding in: Olympus, Zwavelpoort, Shere, Tygervallei, Hazeldean, Silver Lakes, Boschkop, Tierpoort, Rietfontein, Mooikloof, Bashewa, Grootfontein, Welbekend, Bapsfontein, Klipkop, Witpoort, Kleinzonderhoudt, Mooiplaats, Donkerhoek, Pienaarspoort, Kleinfontein, Vaalbank, Valtaki, Cullinan, Rayton, Bronkhorstspruit, Kaalfontein, Faerie Glen, Moreletapark, Waterkloofrif, Menlyn, Wapadrand, Lynnwoodrif, Willows, Equestria en Garsfontein.

**Kopiereg**
Kopiereg word op alle redaksionele materiaal in dié uitgawe gehou. Terwyl alle voorsorg deur die uitgewer en redakteur geneem word, kan ons nie verantwoordelik gehou word vir enige foute of uitlatings nie.

**Bladuitleg**
Jeanette
083 258 2665
jeanette@bronberger.co.za
Vintage Graphic Designs








## Dis 'n prestasie

**Gerhard Van Zyl van Moreletapark:**
Ek het pas die Maart-uitgawe van die Bronnie ter hand gekry.
Soos gewoonlik kon ek nie gewag het om te lees wat Angie in haar maandelikse 'glansartikel' te vertelle het nie. Hierdie keer die ou sterrewag op Waterkloofrif, iets wat my lankal reeds ontgaan het.
(Hiermee bedoel ek nie dat ek die ander artikels en bydraes en berigte in die Bronnie nie lees en interessant vind nie, inteendeel!)
Wat my altoos laat wonder, is hoe jy daarin slaag om telkens wetenswaardighede uit die geskiedenis te ontruk; dit deeglik na te vors; en dit dan in keurige Afrikaans (met foto's) met ons te deel. 'n Prestasie!
In my onkunde vra ek my dan af hoe op aarde jy dan elke maand 'n onderwerp, of projek, van meet af aanpak en dit dan 'n week of so voor saktyd persklaar maak? Of werk jy aan verskeie projekte tegelyk totdat een oplaas vir publikasie gereed is? Dus, hoe vermag jy dit en is jy dalk bereid om vir ons 'n bietjie lig op die saak te werp?
Wat die Bronnie en jou stories en bydraes betref kan en is jy sekerlik na elke publikasiedatum verlig en tevrede met dit wat jy weereens tot stand gebring het (Books, the children of the brain – Anon).
Dit word raakgesien (gelees) en waardeer. Jy gooi immers wal teen vervlakkings en vergetelhede. Soos oubaas Goethe tereg maan: "The decline of literature indicates the decline of a nation; the two keep pace in their downward tendency."
So, teken gerus op; die geskrewe woord staan daar, en wat daar staan, staan daar tot in die verre toekoms, om dan weer deur 'n ander Angie opgepik te word!
*Ons het Gerhard vir sy mooi woorde bedank. – Red*

## David has many stories to tell

**Cheryl McCrindle from the Bronberg area:**
'We purchased our farm at Klipkop in about 1989 and 'David's store' was our local grocery store. Most of the large commercial stores were miles away.
He was housed originally at the Jan Ellis centre, where Alzu is now the owner [on the corner of the R515 and the Old Bronkhorstspruit Road] and was the only grocery and veggie store in the greater area for decades.
Maybe you could interview him. I'm sure he has many stories to tell.
*Letter shortened. – Ed*

## Bron van vreugde

**Elizabeth Kendall van Bronkhorstspruit:**
Groot dankie vir die artikel oor my kuns. Ek waardeer dit so baie.
Net mooi wense vir julle vorentoe. Die Bronnie is 'n bron-van-vreugde!

## Wat 'n klein wêreld!

**Trienie Botes van Cullinan:**
My man, Tienie van Rensburg (nou woonagtig in Cullinan), het in die vroeë 60's in Mayville grootgeword. Die predikant wat hom by Eloffsdal-Wes-gemeente gedoop het, was ds Jan du Rand.
Later van tyd het my man se ouers (oupa Tienie en ouma Mienie) hulle in Letsitele gevestig. In 1982 was die NG predikant daar ds Nico Steenberg en sy vrou Dorothea.
Op 24 Maart 2024 is ds Nico Steenberg by Premiermyn Hervormde Kerk in Cullinan gelegitimeer. Dis hier waar my man nou ook 'n lidmaat en ouderling is.
Interessante feite is dat Dorothea se pa, ds Jan du Rand, my man in die vroeë 60's in Eloffsdal-Wes-gemeente gedoop het en dat Dorothea as klein dogtertjie teenwoordig moes gewees het.
Ds Nico moes in sy tyd in Letsitele, vir ouma Mienie begrawe het.
Wat dit nog interessanter maak, is dat ds Nico vandag sy skoonpa se toga gebruik, wat hy geërf het nadat syne gesteel is. Dis dieselfde toga wat ds du Rand aangehad het toe my man gedoop is, wat beteken dat daardie toga meer as 60 jaar oud is en steeds in 'n puik kondisie is.
Met verloop van tyd, het al hierdie feite na vore gekom. In ons oë, 'n baie rare sameloop van omstandighede.
*Brief verkort. – Red*



*Van links na regs: Tienie van Rensburg; ds Nico Steenberg en sy vrou, Dorothea*

## Gasreuk pla inwoners

**Gerrie Claassen van Cullinan:**
Die inwoners in Rangeweg en Koppiesrylaan, Cullinan ondervind 'n probleem met 'n toksiese gasreuk, afkomstig van Refilwe se kant oor die dam en die koppie. Die inwoners ondervind gesondheidsprobleme soos erge hoofpyne, naarheid en duiseligheid weens die toksiese gasreuk.
Ek het in April 2023 en nou weer die munisipaliteit in kennis gestel. Tshwane se veiligheidsinspekteur vanaf Rayton het in April 2023 gekom, maar daar is tot op datum absoluut niks aan die probleem gedoen nie.
Kan julle asseblief hierdie plaas sodat die inwoners daarvan bewus word en dat hulle dan in die proses kan laat weet of hulle ook die gas ruik.
*Lesers wat hierdeur geraak word, is welkom om vir ons 'n e-pos te stuur: info@bronberger.co.za. – Red*

## Weeskuikentjie kry ma

**Buks Dom Boer Barnard van Elandshoek:**
Die weeskuikentjie het die hele nag stroopsoet en stil geslaap – in my handonder 'n waslappie; net so af en toe fyn, tevrede kloekgeluidjies gemaak in sy soetste, fynste stemmetjie, liggies in my handpalm geskrop of aan my vingers geknibbel.

*Na bladsy 6*



## Ons voorblad

Marlomé Doubell het haar teen sonsaktyd in 'n sprokieswêreld van kosmosse buite Rayton bevind. Laurika van der Linde het die foto geneem.

**Om jou Bronnie maandeliks elektronies te kry, stuur die versoek met jou naam en van en die omgewing waar jy woon na info@bronberger.co.za. Stuur 'n dergelike versoek per WhatsApp na 083-959-1016 om die elektroniese uitgawe op WhatsApp te ontvang. Dit is gratis.**



# Elke liewe Bronnie

In die bykans 22 jaar van ons bestaan, het *Die Bronberger* hom as 'n baie gewilde bron van staaltjies, rubrieke, berigte en artikels oor die omgewing, gebeure en vermaak in die ooste en ten ooste van Pretoria gevestig.
Elke liewe Bronnie word deur drie tot vier gesinslede gelees en dieselfde kopie word herhaaldelik in wagkamers deurgeblaai. Die elektroniese Bronnie word aan intekenaars gestuur, wat dit dikwels verder met familie en vriende deel, en word op ons webtuiste afgelaai.
'n Paar uittreksels uit onlangse lesersbriewe wys hoe gulhartig die Bronnie deur lesers en adverteerders verwelkom word:
**Thys Swanepoel van Vic-Haven:** Dankie aan *Die Bronberger* wat 'n advertensieruimte skep vir ons ondernemings, hoe klein of groot ook al. Dankie aan elke leser wat reageer op ons advertensies en ons so getrou ondersteun.
**Pieter Strobos van die Moot:** Dankie vir julle pragtige tydskrif! Dit doen baie aan mense se moed, visie en alles wat nodig is om groei in ons mooi stad en land te laat plaasvind.
**Dr John Baker van die Bronberg-gebied:** Weereens, hartlik geluk met nog 'n wonderlike uitgawe! Sterkte vir julle vorentoe met die goeie werk wat julle doen!
**Sharon Willemse van Sinoville:** Dit is altyd lekker om die ondernemings te ondersteun asook aktiwiteite wat aangebied word.
**Marqueret von Wielligh van die Bronberg-gebied:** Ek wil julle graag bedank vir 'n pragtige advertensie. Én vir julle vriendelike en behulpsame diens.
**Karien Vermaak van Rayton:** Dankie vir julle moeite met die advertensies en ook die verspreiding. Ek kry maandeliks goeie terugvoer van my advertensie.
**Louise Smith van Pretoria-Noord:** Dankie vir ons groot bederf elke maand. Van ons huis reis die Bronnie per geleentheid na Witpenskloof naby Groblersdal waar hy verder opgelees word.
**Lukas de Waal van Moreletapark:** Dankie vir julle onbaatsugtige diens om die geskiedenis van Pretoria en omgewing op te teken en vir die nageslag te bewaar. Ek bid graag vir julle sterkte toe.
**Esmé Meyer van Murrayfield:** Uit my hart uit dankie vir dit wat julle opoffer om 'n baie groot en spesiale gemeenskap te dien en te verryk. Baie geluk met dit wat julle reggekry het! Dit is spesiaal.
`**Alet Erasmus van Kleinfontein:** Dankie vir al die interessanthede wat julle met ons in elke uitgawe deel!

Dit is waarlik 'n geval van 'n blye kringloop: Ons lesers is gek oor hulle gebied se eie tydskrif en die Bronnie word deeglik, gereeld en met oorgawe gelees. Ons adverteerders kry daarom goeie blootstelling en word goed ondersteun – hulle adverteer dus weer en gewoonlik gereeld. Ons bly dankbaar daaroor.









# "Ons is nie steenkoolmyners nie"

"Ons is nie in die steenkoolmynbedryf nie en het geen voorneme om dit te doen nie."

So sê Nick Booth, uitvoerende hoof van die baksteenvervaardiger, Corobrik, wat 'n oopgroefmyn aangrensend aan die ekologies sensitiewe Rietvlei-natuurreservaat bedryf.

Tog is daar volgens Nick 'n ander baksteenvervaardiger wat op dieselfde waterloop oorkant Corobrik se Rietvlei-steengroef reeds vir steenkool myn.

In ***Die Bronberger*** se Maart-uitgawe het ons berig dat Corobrik Rietvlei-myn se omgewingsplan om vir steenkool te myn en die wysiging van mynreg deur die departement van minerale hulpbronne en energiesake goedgekeur is en dat omgewingsinstansies besorg is oor die potensieel verwoestende impak op die diere- en voëllewe by die reservaat.

Nick verduidelik dat Corobrik se bestaande mynreg slegs op klei van toepassing is en dat die departement die baksteenvervaardiger versoek het om 'n terugwerkende aansoek in te dien in terme van sy voorgestelde omgewingsimpakstudie. 'n Openbare deelname vergadering is op 8 September by Rietvleidam gehou om dié sake aan te spreek.



*Corobrik Rietvlei-myn*
*Foto: Licebo Environmental and Mining*

Nick verduidelik dat Corobrik sedert die 1980's 'n lisensie het om vir klei, gebruik in die maak van bakstene, te myn. Enige gemagtige mynaktiwiteite vereis ook 'n omgewingsbestuursplan om sake soos stofbeheer en die monitering van water aan te spreek. Ekstra vereistes is rehabilitasiemaatreëls en 'n waterlisensie. Die streng omgewing- en volhoubaarheid-maatreëls vorm deel van Corobrik se omgewings-, sosiale- en beheermaatreëls.

"Ons het geweet dat daar steenkool in die steengroef is, omdat ons deurlopend die kleireserwes meet en die volgende segment van ons kleimynwerk beplan," sê Nick. "Deur vooruit te boor om 'n juiste begrip van waar die kleilae lê te kry, het die ontdekking van steenkool tot gevolg gehad."

"Wat 'n mens nie altyd in 'n boorprogram sien nie, is die hoeveelheid of die dikte van die verskillende lae materiaal, soos klei of steenkool. Dit is net as jy begin werk, dat jy die afbakenings sien," het Nick gesê.

Corobrik het drie verskillende soorte klei by Rietvlei gemyn en die teenwoordigheid van die steenkool-oorlading het 'n faktor geword. Corobrik het in 2022 by die departement van minerale hulpbronne en energiesake vir 'n lisensie om vir steenkool te myn aansoek gedoen, sodat hulle die steenkool kan verwyder om by die kleireserwes uit te kom.

Nick het gesê dat die kleilaag tussen twee lae steenkool gelê het en dit is hoekom steenkool by die steengroef opgegaar is. Die departement het Corobrik gevra om amptelik vir 'n lisensie om vir steenkool te myn en dit te verwyder, aansoek te doen.



*Nick Booth, uitvoerende hoof van Corobrik* *Foto: Verskaf*

"Ons sou nie toegelaat word om die steenkool te verkoop nie, want dit sou van ons steenkoolmyners gemaak het, wat ons nie is nie," het Nick gesê. Hy het bygevoeg dat Corobrik se skatting is dat steenkool net vir sewe jaar op hulle perseel gemyn kan word, maar dat hulle nog vir die volgende 35 jaar daar klei kan myn.

Tog, sê hy, is dit noodsaaklik om die steenkool wat opgaar te verwyder weens die omgewingsrisiko van besmetting en die potensiaal vir selfontbranding as die opgegaarde steenkool te veel word. Die steenkool is 'n hindernis en is in die pad van die kleimyn se normale bedrywighede.

Nick het gesê dat 'n kontrakteur aangestel sal word om die steenkool uit te haal en te verseker dat dit op die regte manier verwyder word.

# briewe/letters . . .

*Vanaf bladsy 5*





'n Keer of wat het hy teen my voorarm opgekruip om onder sy waslap uit te loer, maar gou weer teruggeskarrel na die warmte van my hand. 'n Kuiken verkluim gewoonlik deur sy voete, maar as sy voete lekker warm is, is hy veilig en tevrede. Met verlede nag se welkome reëntjie was dit koelerig en die warmte van 'n hand was nodig om Weeskuikentjie se voete en lyfie gemaklik te hou.



*Die weeskuikentjie in Buks se hand*

Dit maak nie saak dat my ou lyf vanmôre ekstra stram en seer is van heelnag in dieselfde posisie lê nie – heelnag oormatig bedag op die lewetjie in my hand. En dit gaan al hoe moeiliker wees om Weeskuikentjie aan ander pleegouers oor te dra.

*Die dag daarna het Buks laat weet dat 'n wit hennetjie sewe kuikens uitgebroei het. Toe hy die weeskuikentjie tussen haar krosie sit, het sy hom summier as kind aanvaar en hy haar as ma. – Red*



*Buks het die weeskuikentjie by dié wit hennetjie se krosie gesit*

## Die beste woord

**Koos Reyneke van Wapadrand (tans in Windhoek):**

Ons het 'n oom Jan Richter gehad wat báie erg aan ons klomp onopgevoede Bosveldertjies gearbei het om suiwer Afrikaans te praat en hy was net behoorlik dood vir enige woord met selfs net 'n klankie Ingels. Nogal in Pietermaritzburg grootgeword.

Hy het gemaak of hy nie weet wat jy hom aanbied as jy vir hom 'n heerlike geurige ekstra-spesiale mango aanbied nie en het aanhoudend gesê hy eet nie vreemde goed nie! Eers as hy die woord 'veselperske' hoor het hy gesê: "Ja, asseblief, ek is dol oor veselperskes!"

Die beste woord wat ek by hom geleer het – dit was sy skoonpa, oupa van Zyl, na wie ek vernoem is, se woord – is 'spookasem' vir daai taai suikerwol wat die spinwiel maak.

In standerd ses (1960) bel ek van Krugerkoshuis se geldslukfoon vir Fanus Rautenbach met 'Flink uit die vere' en leer hom dié mooi woord wat hy onmiddellik begin gebruik en oor die radio bekendgemaak het.

Tukkie studente het my oupa van Zyl as chemielektor gehad en ook later hoof van landbouvorsing en uiteindelik hoof van Onderstepoort, voordat hy as dr Koos van Zyl die WNNR se takkantoor in 1957 in München, Duitsland, gaan begin het.







# Stapper verdrink by Nkwe

'n Stapper is op die vakansiedag, 21 Maart, by Nkwe op Tierpoort dood ná hy vermoedelik van 'n rots afgegly en verdrink het. Volgens woordvoerder van die Tshwane-nooddienste, Charles Mabaso, het die man, vermoedelik tussen die ouderdom van 25 en 30 jaar, saam met 'n vriend gaan stap toe hy teen 12:30 in die water beland het. Reddingswerkers en duikers van die nooddienste is ontbied en het die man se liggaam onder die water gekry.
Hy is na die oppervlak gebring, maar paramedici het hom op die toneel dood verklaar. Die polisie was daar vir verdere ondersoek.
In Maart 2019 het ons berig dat 'n eerstejaar verpleegstudent aan Unisa, Boitsoko Felicia Merafe van Garsfontein, op 27 Februarie 2019 by Nkwe Plesieroord verdrink het. Die 20-jarige Boitsoko het foto's naby die rotspoel geneem toe haar selfoon uit haar hande geglip het.


*Duikers en reddingspanne by Nkwe*


*Die toneel waar daar na die man gesoek is*
*Foto's: Tshwane-nooddienste*

Sy het probeer om die foon in die hande te kry toe sy in die water geval het.
Haar vriendin kon haar nie uit die water trek nie en het gesê dit was asof iets haar van onder af die water ingetrek het. Haar suster, Martha Merafe, het gesê dat die toestand van Boitsoko se liggaam 'n skok was. Hulle sê dat iets haar ernstig moes beseer het.
In Maart 2017 het ons berig dat die 24-jarige Iphraim Tshabalala Nkwe-oord op 4 Maart 2017 saam met vriende besoek het. Hy en 'n vriend het van 'n rots af in 'n natuurlike poel geduik. Die polisie het vermoed dat Iphraim 'n rots getref het toe hy onder die water was. Sy nek is gebreek.

# 'Rowers' loop rieme styf

Verdagtes het hulle rieme styfgeloop ná 'n sakeroof op Rayton toe sekuriteitsbeamptes skielik op hulle hakke was.
'n Gewapende roof het op 3 April net voor 11 vm by die Ackermans op die dorp afgespeel en die verdagtes is met verskeie gesteelde items daar weg.
Besonderhede oor die verdagtes se voertuig is dadelik na die Cullinanse Gemeenskapspolisiëringsforum se Gemeenskap in Blou-patrolleerders en alle rolspelers, ook by naburige gemeenskapsgroepe, deurgegee.
'n Private sekuriteitsmaatskappy van die Boschkop-omgewing het die voertuig, wat teen 'n hoë spoed op die Ou Bronkhorstspruitpad (R104) beweeg het, agterna gesit. Die verdagtes het die voertuig verlaat en gevlug.
Daar is beslag gelê op die voertuig en al die gesteelde goedere.
Teen die Bronnie se saktyd was die verdagtes steeds op vrye voet.











# Motoris by snelweglokval vermoor

'n Motoris is doodgesteek en sy drie passasiers is beroof nadat hulle oor 'n skerp voorwerp op die N4-Oos snelweg gery het. Die insident het ongeveer 10 nm op 31 Maart naby die Donkerhoek-afrit gebeur.
Die bestuurder het langs die pad gestop om die motorband om te ruil toe gewapende aanvallers die groep oorval het.
Jean Jonker, voorsitter van die Boschkopse Gemeenskappolisiëringsforum (GPF), het gesê dat die bestuurder probeer wegkom het, maar dat hy met 'n skerp voorwerp in die nek en rug gesteek is. Paramedici het hom op die toneel dood verklaar. Selfone en kontant is gesteel.
Jean maan motoriste om nie langs die pad stil te hou as hulle oor 'n skerp voorwerp gery het nie. "Ons rig 'n dringende versoek aan padgebruikers om op hulle hoede te wees," sê Jean. "As jy 'n pap band het, ry so ver as wat jy kan tot by die naaste veilige plek. Skakel dadelik die polisie, jou GPF of 'n sekuriteitsmaatskappy om 'n moontlike voorval aan te meld."
Jean het bevestig dat ander voorvalle van motoriste wat oor skerp voorwerpe ry hierdie jaar aangemeld is, maar dat dié die eerste moord was. Hy het gesê dat baie van dié voorvalle naby die treinbrug en die Donkerhoekafrit van die N4-snelweg gebeur, maar dat skerp voorwerpe ook op ander dele van die snelweg geplaas word.
Die polisie, GPF en private sekuriteitsmaatskappye was binne minute op die toneel, maar die verdagtes het weggekom.


*'n Voorbeeld van die ysterpenne wat op paaie geplaas word*
*Foto: Gautengse verkeerspolisie*

# Groep takel hoek

Inwoners van Equestria het in Maart self ingespring om hulle omgewing skoon te maak.
Jacqui Uys, raadslid vir wyk 85, het gesê dat die gemeenskap bekommerd was oor die toestand van die hoek van Stellenberg- en Furrowweg. Die munisipaliteit het die lang gras gesny en lede van die Equestria Gesamentlike Ekonomiese Gebiedsgroep het die onkruid uitgehaal, sypaadjies skoongemaak en kleiner bome gesnoei.
Jacqui sê dat dié groep een maal 'n maand byeenkom om verskeie dele van die gebied skoon en mooi te maak.


*Equestria-inwoners spring self in om skoon te maak*
*Foto: X@CityTshwane*








Family Pet Centre
Family Pet Centre is Lolla se enigste voorkeur.
Sy is tevrede met niks minder nie.
DIE GROOTSTE 1-STOP TROETELDIER-WINKEL IN SUID-AFRIKA
SILVER LAKES Hazeldean Square Winkel #47
KONTAK ONS: 012 750 0090
CENTURION Centurion Lifestyle Centre
KONTAK ONS: 012 941 4825
FOURWAYS Fourways Crossing Shopping Centre
KONTAK ONS: 011 033 4600
BESOEK ONS WEBTUISTE WWW.FAMILYPET.CO.ZA
Vir ons geveerde gesin se veiligheid, moet asseblief nie met voëls die winkel binnegaan nie.


TEL: 011 822 8503 / 011 964 1323
FAX: 086 630 2616
sales@gas2u.co.za
www.gas2u.co.za
GAS2U
GPS co-ordinates
-26.0026161 28.4140339
14 Magic Avenue Bapsfontein
(near BP Garage)
LP GAS for sale, for refill or new cylinders available
Full Range of Air Products Industrial Gases available, for welding, cutting or your manufacturing needs, delivery or collection welcome!
Cadac 2kg Cylinder
R449 (NEW) Save R100
Cadac 7Kg R799 Save R50
Cadac 15kg R1 499 Save R100
*Price excludes gas
Cadac 2-plate Gas Cooker
R499 Save R100
Gas Geysers available (25kPA)
5L R2 199
10L R3 799
12L R4 499
16L R5 299
20L R5 699
20L R7 999
(Force Fed)
Best Value!
Cadac 4-burner Gas Hob
R2 499
Cadac 3-panel Gass Heater
R1 299
Save R300
Cadac 3-burner Gas Cooker (plancha)
R2 199
Save R1 000
Gas Regulator
R129 Save R70
Cannister Blow Torch
R149 Save R60
Butane Cannisters
R49.90 each
R199.90 for 5-pack
Fridge/Freezer (Gas or Electric)
R7 999
Save R1 000
Talon Petrol String Trimmer 25CC
R1 699
Save R300
Solar Floodlight 100W JT Clear
R699 Save R200
Ferre 4-plate Gas & Electric Stove Matt Black
R4 999 Save R500
Pine Gel
5kg R87.50
25kg R399
Every day is pensioners day – less 5% (gas only)
Prices valid until end of April 2024
T's & C's apply. All prices include VAT

# Het jy gehoor? / Have you heard?




Dit is weer tyd vir die Protea Cullifest op 27 en 28 April van 8.30 vm tot 6 nm op die terrein van die Nederduits Gereformeerde Kerk Premiermyn in Zonderwaterweg 12, Cullinan. Besoekers kan uitsien na 'n biertuin, wyntuin, proteas, boeretroos, swepe en messe, kunstenaars en volop kindervermaak. Toegangskaartjies kos R100 vir volwassenes, R50 vir kinders en R80 vir pensioentrekkers en is by iTickets te koop. Die Saterdagprogram sluit die volgende kunstenaars in: Heidi, Skemer, Reborne, Charlize Berg, Ruan Josh en Nicholis Louw. Sondag kan besoekers luister na: Renaldo, Piet Smit, Van West, Reborne, Bernice West en Ruhan du Toit.



Asher's Farm Sanctuary is having an autumn market on Sunday 5 May from 9 am to 3 pm. There will be live music, a bubble dome, face painting, trailer rides, various stalls and a chance to meet the farm animals. The sanctuary is on plot 37, Tweedragt. Enquiries: info@ashersfarmsanctuary.org. or 083-784-5554.

~ • • • ~

Kungwini Welsynsorganisasie hou op 23 Mei 'n gholfdag by Woodhill-gholflandgoed. Of jy nou 'n gesoute gholfer of 'n beginner is, dié dag belowe iets vir almal en bied jou 'n kans om 'n liefdadigheidsinstansie te ondersteun. Registreer by: www.the-wilds.co.za/golf-day. Die sluitings-



datum vir inskrywings is 30 April. Kontak Coenie Groenewald: coenie@the-wilds.co.za of 012-940-1921.

~ • • • ~



Die gewilde Fijnwyn wyn- en kosmark word weer deur Shokran op Tierpoort gehou. Op 30 April, die vooraand van die vakansiedag, doen hulle dit in styl met 'n Fancy Fijnwyn wat meer eksklusief is. Daar is 'n feestafel met kos ingesluit en wyn te proe van 25 wynplase. Gaste kan uitsien na 'n optrede deur 'Die Kontrak'-wenner, Chris Steyn. Op 1 Mei is dit tyd vir Cheezy Fijnwyn met koskraampies en kaas, musiek en wyn van 30 wynplase te proe. Gaan geniet 'n stukkie van die Kaap sommer hier in Gauteng. Kaartjies is by www.fijnwyntickets.co.za. Skakel 082-335-5659 vir meer inligting.

~ • • • ~



'Woord en Musiek' met Portchie en Jak de Priester is op 28 April om 4 nm by Atterbury-teater. In 'Portchie: Van Tweeling tot Trafalgar Square' vind lesers uit wie die man agter die kleurvolle skilderye is. Jak de Priester neem Portchie op 'n reis deur sy grootwordjare van Tweeling tot Trafalgar-plein in Londen. Die twee maak musiek op die klavier en Jak sorg vir bekende musikale treffers. Gaan kuier saam, ontmoet vir Portchie en laat hy jou boek teken. Kaartjies kos R250 en is by seatme.co.za beskikbaar. Die teater is in Daventrystraat 4, Lynnwood Manor.


~ • • • ~

Die Kaplyn-musiekblyspel is van 26 April tot 9 Junie om 7 nm by AfriForum Teater. Die Kaplyn was die heilige grond tussen Angola en die destydse Suidwes-Afrika. Die musiekblyspel gaan oor die verhaal van die Joubert-familie, van generaal Ben Joubert en sy twee seuns, Ben Junior en Ruan, wat albei in 1980 gewerf is vir een van die Suid-Afrikaanse Weermag se elite-eenhede, 1 Valskermbatal-




jon. Musiek en lirieke is deur Johan Vorster en Jacomien de Wet en die teks deur Jannes Erasmus en Johan Vorster. Die musiek-regie is deur Francois Lessing en Johan Vorster, die orkestrasie deur Francois Lessing en die regie deur Jannes Erasmus. Kaartjies kos R350. Die teater is in die Greenlyn Village-sentrum op die hoek van Thomas Edison- en 13de Straat, Menlopark. Skakel 066-420-6181.

~ • • • ~



Die Vrye Weekblad-boekefees word op 10, 11 en 12 Mei by The Hive, Oaklaan 134, Cullinan gehou. Die Vrydag se program begin om 5.30 nm met Gielie Hoffmann wat op die herdenking van Koos du Plessis se verjaarsdag met sy vrou, Mornay, oor 'Erfdeel' gesels. Koos se liedjies word gesing. Skrywers wat die Saterdag gaan praat sluit in Chanette Paul, Sidney Gilroy, Irna van Zyl, Kleinboer, SJ Naudé en Karen Horn. Die Sondagoggend se poësievoordrag is in die kerkie wat deur Sir Herbert Baker ontwerp is. Daar is 'n boekwinkel op die perseel en kos en drank word deurentyd bedien. Elke praatjie kos R90 of jy kan 'n Saterdag-pakket teen R500 koop. Kaartjies kan by Quicket bespreek word. Navrae: deborah.steinmair@gmail.com.










# Byeenkoms smee bande



*Toeskouers kyk na die honde-demonstrasie*
Bron: Skermgreep van video

Lakes Sekuriteitsforum se fondsinsamelingsdag op 21 Maart was 'n reuse sukses.
Meer as 500 deelnemers het op Hazeldean Valley se roetes gestap, gedraf of fietsgery. Daar was 'n verskeidenheid kraampies, interaktiewe uitstallings en misdaadsbekampingdemonstrasies.
Malcolm de Klerk, direkteur van dié forum en raadslid vir wyk 101, het gesê dat die fondse wat ingesamel is aangewend sal word om misdaadbekampingstegnologie, insluitende hommeltuie, aan te skaf.
Hy het gesê dat die dag ook beplan is om mense in die gemeenskap nader aan mekaar te bring. "Dit is vir ons belangrik, spesifiek in die Silver Lakes en Hazeldeangebied, waar daar baie landgoedontwikkelings en geslote gemeenskappe is. Ons wou daardie afsondering oorbrug en mense laat byeenkom om bande met mekaar te smee."



*Deelnemers met die silo's van die historiese Malleson-melkplaas in die agtergrond*
Bron: Lakes Sekuriteitsforum




*Seremoniemeester Dewald Jordaan, links, en direkteur van die Lakes Sekuriteitsforum, Malcolm de Klerk, regs*
Bron: Lakes Sekuriteitsforum

# Grootste Goliat van Gat

Cornelis Bester se 730,8 kg pampoen het die eerste prys by die Goliat van Gat-pampoenfees op 16 Maart gewen.
Dit is die 20ste agtereenvolgende jaar wat dié pampoenkompetisie gehou word en Adam Tas en Ghapi het feesgangers by die Pretoria Boeremarkterrein in Silverton vermaak. Die fees word deur TLU SA se Cullinan Boere-unie gereël en dit is waar die naam vandaan kom – Cullinan is bekend vir die groot gat waar die bekendste diamant in die wêreld uitgehaal is.
Wykus Lamprecht het die tweede grootste pampoen, teen 568 kg, ingeweeg en Dirk Smal die derde grootste teen 467,4 kg. Die pryse vir die mooiste pampoen en oorspronklikste pampoen het ook aan Wykus Lamprecht gegaan.
Die spangees-wenners was 'Oupa se span' en die junior kwekers wenspan was Ruben en Ane Small (203.2 kg).
Altesaam is 19 pampoene met 'n totale gewig van 3 214 kg ingeweeg. Dié pampoene is almal aan 'n welsynsorganisasie geskenk om onder behoeftiges in die Pretoriagebied te versprei.



*Die wenpampoen van 730,8 kg*
Foto: Goliat van Gat Pampoenfees








# Vere maak vir hom die voël

**Betsie Steyn**

Die 68-jarige Neels Kruger van Kleinfontein het as jong voëlboer die grootste permit in die suidelike halfrond gehad vir die 165 inheemse spesies wat hy destyds aangehou het.
Hy het as vyf-jarige seuntjie reeds by sy pa geleer van voëls. Hulle het op die plaas Tiervlei naby die Etosha in Suidwes-Afrika gewoon en sy pa het 'n permit gehad om met voëls te boer. Hulle het elke maand Pretoria toe gekom om by natuurbewaring in Wonderboom inheemse voëls te koop. "Daardie jare kon jy nog by hulle voëls koop, nou nie meer nie," sê Neels.
Hy het sy eie hokke gehad en moes die voëls self versorg.
So het Neels sy permit opgebou van die eerste 14 voëls tot 165 spesies, onder meer alle duiwe, neushoringvoëls, loeries, sysies, spreeus, houtkappers en ses spesies suikerbekkies.
As jongman het hy op Kuruman gaan bly en groot hokke van 165 m x 44 m gehad en alles was spesiale inheemse voëls. Neels het ook voëls aan Japie Horn van die Krugersdorp Natuurreservaat verkoop. Die eerste rooibekneushoringvoël wat ooit in Suid-Afrika in gevangenskap by Neels se hokke uitgebroei het, is ook soontoe.
Hoewel hy vroeër op hoë vlak met ander voëlboere – wat hoofsaaklik Amerikaanse voëls ingevoer en mee geboer het – kennis gemaak het, was sy voorliefde toe egter inheemse spesies.
Hy het die voëlhokke op Kleinfontein die afgelope ses jaar opgebou en hou net vir die liefhebbery daarvan budgies, diamantduiwe, lagduifies, papegaaie en waaiersterte aan – alles ingevoerde voëls.
Neels het nooit deur navorsing kennis opgedoen nie, net deur eie jarelange kennis en ervaring. Hy ken sy voëls goed en is dankbaar dat hulle nie vanweë muskiete pokke opdoen nie . . . hy sorg dat dit nie gebeur nie.
Neels is 'n kenner, kundige en lopende ensiklopedie as dit by inheemse voëls kom. Hy ken elkeen se geluid en gewoontes, soos die rooikophoutkapper waar twee voëls (die mannetjie én wyfie) saamspan om één kenmerkende klank voort te bring.
Hy vertel ook dat hy groot glansspreeus, neushoringvoëls, suikerbekkies en kwartels in aanhouding uitgebroei het. "Die knopieskwartel is die enige kwartel ter wêreld waar die wyfie mooier as die mannetjie is en ook waar dit die mannetjie is wat die eiers uitbroei en die eerste vyf dae die kleintjies met die bek grootmaak," vertel hy.
"Ook interessant is dat die kwartelwyfie sewe mannetjies na mekaar vat, vier tot ses eiers in die nes lê en laat spaander. Die mannetjies doen dan al die werk om die kuikens groot te maak. Sy sorg elke keer vir sewe neste, sit die sewe mannetjies op die neste, vlieg weg en los hulle net so!"
"Min mense weet dat jou parasitiese voëls parasiteer op ander voëls se neste, soos die koningrooibekkie, pylstert, paradysvink en drie soorte swart weduwees, die diederike en mooimeisie," sê hy.
Oor die voëls in sy hokke, sê Neels: "As ek trek, trek hulle saam – dis my kinders – en ek het nie één spesifieke een waarvan ek meer as die ander hou nie – ek hou van almal!"



*Neels Kruger met sy permit*
Foto: Freek Pienaar

# Selfs slange . . .

Dié slang was een van die troeteldiere waaraan inwoners van Kungwini Welsynsorganisasie se Paul Jungnickelhuis hulle in Maart kon verwonder. Family Pet Centre van Hazeldean Square het 'n aantal troeteldiere na dié tehuis op Zwavelpoort geneem en inwoners kon die diere van naderby leer ken en saam met hulle afgeneem word. Die besoek het 'n glimlag op elke gesig gesit, selfs op die gesigte van diegene wat te bang was om aan die diere te raak



Foto: KWO



# Die tyd toe die 'sonkant van die dorp' nog wild en romanties was

*Angie Kleijn*

Menige leser van die Bronnie het die volwasse lewe in 'n klein woonstelletjie in Sunnyside afgeskop. Tog is dit maar eers sedert 1960 wat die meeste statige ou herehuise in dié, die tweede oudste voorstad van Pretoria, afgebreek is en woonstelblokke gebou is.
In sy kinderskoenedae was Sunnyside 'n gewilde piekniekplek vir destydse Pretorianers en is as die 'sonkant' van die dorp beskryf – wild en romanties. 'n Aanhaling uit S Naude se 'Sunnyside historiese woonbuurt' sê dit was "nog bijna geheel in natuurstaat. Hoogten met gras bedekt, groepjes mimosa's en ander wilden bome, hier en daar een oude huizie, schilderagticht en afgezonderd gelegen – dat was al men er zag."
Die eerste deel van die voorstad is in 1875 deur James Edward Mears, wat in 1840 vanaf Londen na Durban getrek het, gekoop het en 1848 ... Mearsstraat is na hom vernoem. Hy het in 1854 met Johanna Agenita Maria Raath, 'n niggie van die Voortrekker Gerrit Maritz, getrou.
Dié twee het in die 1870's in Pretoria aangekom en James het 'n gedeelte van die plaas Elandspoort 193, wat aan Johannes Gerhardus Stephanus (Gert) Bronkhorst onder transportnommer 1390 van 1875 behoort het, gekoop. In die vroeë 1880's het James ook 'n plaas in die Boshoff-distrik in die Vrystaat besit waar hy met perde geteel het.

## Mears

James en Johanna Mears het 11 kinders gehad, onder meer die bekende Boerekommandant, Walter Mears, wat 'n 'Lint voor Verwonding' in die Anglo-Boereoorlog ontvang het. James en Johanna is geskei en James het weer getrou al het sy familie dié huwelik nie goedgekeur nie. Hy is Engeland toe saam met sy nuwe bruid, glo om sy sakebelange te bevorder, en het vir 'n paar jaar in Europa rondgetoer.
Johanna is in 1902 in die ouderdom van 69 jaar oorlede. Toe James in 1903 terugkeer na Pretoria het hy gevind dat sy familie en vriende hom afgeskryf het. Al sy bates is verkoop om sy skuld te dek. Teen die tyd van sy dood in 1915 is hy as 'n armlastige in die Brixton-begraafplaas in Johannesburg begrawe.
Sy seun, Boerekommandant Walter Mears, is in 1870 gebore en het op 8 Julie 1902, in die ouderdom van 31 jaar, op Pietermaritzburg met Harriet Magdalene Moodie getrou. Harriet is op 3 Januarie 1882 op Gelyenfontein, distrik Ladybrand gebore as die dogter van Thomas 'Groot Tom' Moodie, die trekleier van die bekende Moodie-trek na die destydse Gazaland (deel van die hedendaagse Zimbabwe).
Groot Tom is op 29 November 1839 as tweede seun van die "laird" Thomas Binjamin Moodie van Melsetter, Skotland gebore. Hy het 'n Afrikaanssprekende graanboer in die Vrystaat geword en is op 24 Augustus 1863 op Smithfield met 'n Boeremeisie getroud: Cecilia Jacomina Robbertse, gebore op 20 Junie 1842 in Somerset Oos.


Walter Mears
Bron: Geni.com


DUPLICATE ORIGINAL REGISTER.

Johanna Agenita Maria Raath en James Edward Mears se huweliksertifikaat
Bron: Geni.com

Hulle dogter Harriet het besluit om Gazaland te verlaat en terug te keer na Pretoria. Teen die tyd van haar huwelik met Walter was hy 'n spekulant wat in Johannesburg gewoon het. Dié twee het agt kinders gehad. Walter is op 21 Julie 1951 in die ouderdom van 80 jaar by die Clairwood-resiesbaan in Durban oorlede.

## Uitlê

Die voorstad wat Walter se pa in 1875 uitgelê het, is in 1888 in Pretoria se munisipale gebied opgeneem en die rigting van die leiwatervore het Sunnyside se uitleg glo beïnvloed. Die meeste van die strate loop loodreg vanaf Walkerspruit.
Die eerste twee jakarandabome in Pretoria is in 1888 by die huis van Jacob Daniël Celliers by Myrtle Lodge, Celliersstraat 146 geplant. Dié tuin het later deel van die Laerskool Oost-Eind in Sunnyside gevorm en die bome is omhein om hulle te beskerm.
In 'Die geskiedenis van Pretoria 1855 – 1902' skryf Robert Peacock oor die opmeting van Sunnyside. Die gedeelte wat in 1890 opgemeet is, het 235 erwe vanaf die Apiesrivier tot by Bourkestraat en vanaf Parkstraat tot by Rissikstraat ingesluit. Muckleneuk was ook op 'n gedeelte van die oorspronklike plaas Elandspoort 193.
In 1893 het M Walker die gedeelte tussen Smithstraat tot by Klipstraat en Cross-straat, vanaf Walkerstraat oor Bereastraat uitgemeet. Die gedeelte wat landmeter Von Wielligh hier opgemeet het, was die erwe vanaf Bourkestraat tot by Klipstraat en vanaf Walkerstraat tot by Bereastraat asook die erwe tussen Mearsstraat en Mainstraat. Eers in 1903 is die erwe vanaf Harmoniestraat tot by Mainstraat opgemeet. Walker het Sunnyside ook in 1898 vanaf Walkerspruit en Villastraat tot by Farendenstraat verder opgemeet.


Dié blok woonstelle is op Jan FE Celliers se erf gebou
Foto: Carolize Jansen-versameling


'n Kothuis in Sunnyside waar Lionel Phillips, kolonel Rhodes, Percy Fitzpatrick en George Farrar aangehou is
Bron: getarchive.net



Arcadia en Sunnyside in vervloë dae
Bron: Saartjie Klipkop

## Sunnyside

Sunnyside het 'n gesogte woonbuurt geword waar bekendes gewoon het. Met die Britse oorname van Pretoria op 5 Junie 1900, moes die digter Jan FE Celliers vir drie maande onder die vloerplanke van sy huis in Sunnyside skuil. Sy uiteindelike ontsnapping uit die dorp was danksy 'n plan wat die kappiekommando gemaak het – Jan is as 'n vrou vermom.
Toe die luik in die plankvloer 55 jaar later verwyder is, is dié woorde aan die onderkant ontdek: "Hier het ek weggekruip, Augustus 1900. Jan FE Celliers." Dié luik word as 'n aandenking in die Jan Celliers-skool in Johannesburg bewaar.


Die Celliers-gesin se vuurherd in die woonstelblok se ingangsportaal
Foto: Carolize Jansen-versameling

Na bladsy 18



SERVICES OFFERED:
- CATARACT SURGERY
- General Ophthalmology
- Diabetic Eye Disease
- Paediatric Ophthalmology
- Eye Lid Surgery
- Retinal Surgery
- Laser Procedures
- Orbital Tumours

AllAboutEyes
OPHTHALMOLOGISTS | OPHTHALMIC SURGEONS

ONS DIENSTE:
- KATARAK CHIRURGIE
- Algemene Oftalmologie
- Diabetiese Oogsiektes
- Pediatriese Oftalmologie
- Ooglid Chirurgie
- Retinale Chirurgie
- Laser Prosedures
- Orbitale Gewasse

Unit 9
Intercare Medical & Dental Centre
Hazeldean Square
Cnr Graham & Silverlakes Road
Silverlakes

Please visit our website
Besoek gerus ons webtuiste.
WWW.ALLABOUTEYES.CO.ZA

+27 (0)12 809 6027
EMERGENCY WHATSAPP:
073 456 0428



Specializing in sales of SMALL HOLDINGS, FARMS & GAME FARMS
STOCK URGENTLY NEEDED!
WE HAVE QUALIFIED BUYERS

RealNet PROPERTIES
Joop : 083 442 5037 | Bees : 082 401 2773 | Pieter : 082 321 2313
RealNet RainMaker (Pty) Ltd, trading as RealNet RainMaker AGRI - Farms & Smallholdings, a Franchisee of RealNet Holdings (Pty) Ltd. Registered with the PPRA.

# Sonkant . . .

*Vanaf bladsy 17*

Jan se huis was in Kotzestraat 166 en het tot 1970 behoue gebly, omdat dit weens testamentêre beskikking nie verkoop kon word nie. Lank ná die Celliers-gesin daar uitgetrek het, het dit 'n kwynende bestaan as huurhuis gevoer.
In 1971 is 'n woonstelblok daar begin bou en die Genootskap Oud-Pretoria het aan die nuwe eienaars, Engel en Ruyter, voorgestel dat die woonstelle Jan Celliers genoem moet word en dat 'n gedenkplaat met die perseel se geskiedenis in die voorportaal aangebring moet word.



*Die Celliers-gesin in die tuin van hulle Sunnyside-huis in 1916. Jan en Susanna sit in die middel met hulle oudste seun, Johan, staande agter. Langs hulle is hulle dogter, Marie en die twee jonger seuns Henri en Albert*
*Foto: Carolize Jansen-versameling*

## Vrede

Ná die vredesverdrag op 31 Mei 1902 onderteken is, is nuwe planne vir Pretoria begin maak. Die uitvoerende komitee van Transvaal het op 10 Julie 1902 besluit om agt erwe en twee huise in Sunnyside van sakeman Edmond Francis (Eddie) Bourke te koop vir die instelling van 'n normaalkollege. Eddie het in 1879 in Pretoria aangekom en Bourkestraat is na hom vernoem.
Die kollege is op 2 September 1902 gestig. Die eerste 39 gekwalifiseerde onderwysers wat in Transvaal opgelei is, het die Pretoriase Normaalkollege op 26 Junie 1903 verlaat. In die begin van 1933 het die kollege 'n Afrikaanstalige inrigting geword.
In 1902 was die Boere geweldig verarm ná die oorlog; baie kon nie mediese sorg bekostig nie en kon nie in Pretoria se Victoria Cottage Hospital opgeneem word nie, omdat dit 'n Britse militêre hospitaal was.
Boeregeneraals Louis Botha, Krisjan de Wet, Koos de la Rey en Christiaan Beyers het begin skenkings soek om 'n eie Afrikaanse hospitaal te bou. 'n Hollander genaamd dr CJK van Aalst het 'n reuseskenking van 7 500 pond gemaak en later het Jan FE Celliers 1 000 pond geskenk.
In 1904 het generaal Christiaan Beyers sy huis in Sunnyside geskenk en 'n ses-bed hospitaaltjie, genaamd 'Het Hollands Hospetaaltje', is daar begin. In 1912 het 'n rentevrye lening van 75 pond die hospitaaltjie in staat gestel



*Generaal Christiaan Beyers in die Anglo-Boereoorlog*
*Foto: SPE Boshoff, 'Vaalrivier Die Broederstroom of die Uiteinde van Generaal C.F. Beyers'*

om na die hoek van Walker- en Bergstraat te trek en sy naam het na 'Het Zuid-Afrikaans Hospitaal en Diakonessenhuis' verander.


















*C Louis Leipoldt in 1910*
*Foto: hekint.org*

In 1936 het burgemeester Eddie Bourke, 34 Muckleneuk-persele vir 3 400 pond aan die hospitaalbestuur verkoop. Dit het 20 000 pond gekos om die hospitaal te bou.

## Digter

So twee jaar ná dié hospitaaltjie se naam verander het, het die mediese dokter, botanis, joernalis, skrywer, dramaturg, Hertzogpryswenner-digter, reisiger en koskenner, C Louis Leipoldt, na Suid-Afrika teruggekeer.
Dr Christian Frederik Louis Leipoldt is as hoof van die nuut gestigte mediese inspeksie van skole in Transvaal aangestel en moes in Pretoria woon. Hy het tot Oktober 1918 by sy suster Issa en haar man, die Engelse predikant Robert Pattison, gewoon. Daarna het hy vir 'n ruk in die Pretoria-klub gebly.





*Die digter C Louis Leipoldt het op hierdie terrein gewoon wat vanaf 1920 tot 1925 sy eiendom was*
*Foto: noordsin.ngkerk.net*

In November 1919 het hy 'n huis in Mearsstraat 125, Sunnyside gekoop waar sy neef, Ewald Auguste Esselen, en sy gesin die huis met hom gedeel het. Dié twee neefs was nasate van 'n Rynse sendelingfamilie. Dié perseel is vandag die tuiste van die NG Kerk se Noordelike Sinode.

## Ewald

Ewald het medies by die Universiteit van Edinburgh, Skotland studeer. Hy het in 1881 teruggekeer en is later as vise-president Paul Kruger se privaatsekretaris aangestel. Hy het by die Inner Temple in Londen ook as 'n advokaat gekwalifiseer en was die sekretaris




*Ewald Auguste Esselen in 1883/84*
*Bron: Wikipedia – Elliott & Fry*



*Jan FE Celliers se huis in Kotzestraat 166, Sunnyside*
*Foto: 'Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria' No 65-71 van 1971*

van die Boere-afvaardiging by die Londense Konvensie in 1884.
In 1887 is hy as kriminele regter vir die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) aangestel en in 1894 as prokureur-generaal.
Ewald is in die oorlog in 1900 krygsgevange geneem, maar is toegelaat om op parool na Europa te gaan. Ná die vrede in 1902 het hy na Pretoria teruggekeer om weer as advokaat te praktiseer.
Ewald en sy gesin het later op die suid-westelike hoek van Park- en Meintjesstraat (verander na Wesselsstraat) gewoon. Esselenstraat (nou Robert Sobukwe-straat) is na hom vernoem.

# Hout is klassiek, maar . . .
# DIE ANTWOORDE

**FD Maintenance spesialiseer in die herstel en behandeling van houtvensters, -deure en -rame.**



Houtvensters, deure en rame kan baie waarde en warmte toevoeg tot u eiendom, mits dit reg en gereeld behandel word. Voorkoming is beter as heling is waarlik van toepassing as dit by hierdie items kom.
Hout is 'n lewendige produk, en om maksimum lewensduur te kan verseker moet 'n voggehalte van ongeveer 12% voortdurend gehandhaaf word.
Ons is sedert 1986 in die bedryf en is dus deeglik bewus van die probleme waarmee huiseienaars sit. Die gebrek aan kennis van sommige kontrakteurs skep ook 'n probleem in hierdie gespesialiseerde veld.
Verkeerde produkte soos vernis word byvoorbeeld aangewend. Hout beweeg soos seisoene verander wat uitsetting- en inkrimping meebring. Dit het tot gevolg dat vernis begin afdop. Hierdie afskilfering bring mee dat die delikate interne voggehalte versteur word. Alleenlik penetrerende oliebasisprodukte moet gebruik word. Met al die wonderlike behandelingsformules deesdae op die mark is die dae van Roulynolie ook verby. Waak egter teen te donker getinte produkte wat onnodig hitte aantrek.
Die afskuur van items kan katastrofiese gevolge inhou en word vir verskeie redes nie aanbeveel nie. Dit laat onder andere kolle en strepe agter.
Sodra 'n grys/swart kleur op die oppervlak (veral aan die onderkante begin sigbaar raak, dui dit die begin van 'n verrottingsproses aan. Dit verg onmiddelike aandag om skade te beperk.
Dit is van uiterste belang dat wanneer deure, skuifdeure en opvouskuifdeure behandel word, dit uitmekaar/ afgehaal word sodat die onder- en bokante geseël kan word ten einde vogpenetrasie te beperk. Ons vervang gereeld die onderste dele (sill) waarop die spore aangebring is van skuif- en opvouskuifdeure wat verrot het.
Dit is aansienlik goedkoper as om die hele item te vervang. In die proses word die nuwe hout aan albei kante goed geseël om die penetrasie van vog te help teëwerk. Afgesien van behandeling gaan ons eers alle items na en die nodige herstelwerk word gedoen. Vensteroopmakers word meestal afgehaal vir herstelwerk. Sodra 'n oopmaker iewers vashaak dan dit begin skeeftrek wat waterlekkasies meebring.

**Laat u probleme oor aan ons en skakel 082 440 0676 vir 'n gratis kwotasie of stuur 'n e-pos na tjaart@fdmaintenance.co.za**










# Witties vier 120ste verjaardag

Laerskool Witpoort se 120ste verjaardag is met mag en mening by die skool se biltongfees op 16 Maart gevier.
'n Storievertelkonsert met staaltjies van 1904 tot 2024 is gehou en selfs die kleuterskool het deelgeneem.
Die graad sewes het volkspele gedoen en gesorg vir groot vermaak.
Daar was verskeie kraampies, pretparkritte en braaivleisvure vir leerlinge, ouers, onderwysers en die groter gemeenskap.
Neil Somers was die gaskunstenaar.



*Só is daar stories vertel*



*Selfs die kleuterskool het deelgeneem*
*Foto's: Laerskool Witpoort*



*Dié uitbeelding van 'n storie sluit drie perde in*

# Easter egg hunt for Tierpoort Seniors


The Tierpoort Seniors had an Easter fun event on 3 April among beautiful pink and purple cosmos flowers at Marcia le Roux's Lapatio in Graham Road.
After the refreshing 'Pink Lady' welcoming drink, the guests were treated with freshly baked hot-cross buns. To suit the theme, Marietjie Alers arranged the 'Chicken Song' as a Sit-Fit dance, which lead to lots of laughter and fun.
Callie Lemmer was privileged to celebrate his 80th birthday among a gathering of 60 friends.
An Easter egg hunt followed where each Senior had to find the partner of his or her marked egg.
For example, dr Jekyll had to look for mr Hyde to exchange the eggs.
The hunt ended in a joyful chit-chat and mingling.
The main menu consisted of a Spanish chicken and rice bake, roasted veggies and coleslaw ended off with sugar cones and ice-cream decorated with speckled eggs.



*Mother and daughter team: Paula Sassenberg and Miranda Jacobs*



*Seniors enjoying the hot-cross buns*



*Birthday boy Callie Lemmer*



*Solving the Easter egg riddle*

# Skerpioene uitgeken

Jeannie du Plessis, direkteur van Vriende van Moreletakloof-natuurreservaat, wys een van die skerpioene wat met die Vriende se Skerpioen- staptog op 17 Maart gevind is.
Die uitkenningstog is deur Armin du Preez gelei en almal het interessante feite oor skerpioene geleer.
*Foto: Vriende van Moreletakloof*






# Naka se braafheid beloon

Naka, die Steenbergs van Zwavelpoort se agtjarige Rottweiler, is met 'n sertifikaat vir braafheid beloon. Naka is 13 keer deur boewe wat in die Steenbergs se huis probeer inbreek het, gesteek. Leoni Steenberg het vertel dat die elektriese heining-alarm haar omstreeks 1.30 vm op 7 Maart wakker gelui het. Sy het Naka in 'n poel bloed op die agterstoep gevind. Hy het die boewe gekeer voor hulle by die huis kon inkom.

Die Steenbergs het Naka dadelik na Valley Farm-dierehospitaal geneem. Volgens dié hospitaal se woordvoerder, Beaulah Zeiler, het Naka se long platgeval en een van die steekwonde is met soveel krag gedoen dat die lem Naka se rib middeldeur gesny het. Naka het 'n bloedoortapping ontvang en sjirurgie is gedoen. 'n Paar dae later is Naka weer geopereer en hy het in die hoë-sorg eenheid van die hospitaal aangesterk.

Beaulah sê dat Naka 'n model-pasiënt was en dat die hospitaal 'n sertifikaat vir braafheid aan hom uitgereik het voor hy huis toe is. "Hy het nuwe betekenis aan die woord 'lojaliteit' gegee en het met al sy mag geveg om sy mense te beskerm terwyl hy van alle kante af steekwonde opgedoen het."



*Naka by sy sertifikaat vir braafheid*
*Foto: Valley Farm-dierehospitaal*

# Raising funds in a burst of colour

Wet Nose Animal Rescue Centre's Paws and Paint colour run/walk on 30 March resulted in an unforgettable morning filled with colours, plenty of giggles and laughter and the spirit of giving back.
Participants could enjoy a leisurely 1.5 km walk with an adorable rescue dog or could take on the 2.4 km fun run with or without a four-legged companion.
"From the bottom of our hearts, thank you to each and every one who participated," the centre's thank you note read. "Your enthusiasm and smiles brought the event to life, making it a vibrant celebration for everyone involved, especially our four-legged friends."



*Refreshments*



*The colour run/walk*
*Photo's: African Lens*



*After the colour run*



*A clean start*
















# Deur die lens van ons lesers

**In 'Leserslens' plaas ons foto's wat die aard en gevoel van die Bronnie se verspreidingsgebied uitbeeld, soos gesien deur die lens van ons lesers. Jy is welkom om jou foto's te stuur aan info@bronberger.co.za of om dit op ons Facebook-blad te plaas. Beskikbare ruimte bepaal hoeveel foto's ons in 'n uitgawe kan gebruik. Ons bêre alle foto's en poog om soveel moontlik in opvolgende Bronnies te publiseer.**



*Onweerswolke oor Onbekend se mielielande*
*Foto: Ronell van der Merwe*



*Cherene Goudriaan Botha het dié toneel op Zwavelpoort raakgesien*



*Dié gevlekte lyster het vroegoggend by Cullinan Diamond Village na wurms gesoek*
*Foto: Susan Roos*




*'n Skouspelagtige wolkvertoning*
*Foto: Eus de Clerk*



*Twee bytjies besoek 'n protea*
*Foto: Emma Koekemoer*



*'n Kosmos-toneel soos net Laurika van der Linde dit kan afneem*



*Sonsondergang op Zwavelpoort*
*Foto: Cherene Goudriaan Botha*



*'n Propvol maan loer agter die wolke uit*
*Foto: Carmen Bredenkamp*



*Die akkedis loer oor sy skouer na Albert Bester se kameralens*




*Nimue Fletcher is nog 'n leser wat dié maand op bye inge-'zoem' het*



*Anette Erasmus van Kleinfontein het dié hottentotsgot op 'n roos gewaar*



*Vinknessies teen sononder*
*Foto: Eus de Clerk*



*'n Bytjie wie se harde werk voor die lens van Emma Koekemoer gekom het*



*Janine Janse van Rensburg het die sakkende son bewonder*




*Sonsondergang op Witfontein*
*Foto: Ursula Joubert*




*Susan Roos het ná baie geduld 'n mooi foto van dié bytjie by haar laventelbos gekry*




*Daleen Reiners van Bashewa sê dat haar aasblom sedert die begin van Desember deurlopend blom*



*In kosmostyd is die bytjies baie besig*
*Foto: Emma Koekemoer*



*Albert Bester het op 'n by van 'n ander aard gefokus*



*Brose, blosende blomme maak hulle buiging in kosmostyd*
*Foto: Laurika van der Linde*

# Kweper-sambal en ingelegde vis uit Hilda se Maleise resepte

***In 'Mymerkos' hoor ons graag van lesers oor resepte wat heimwee wakker maak. Lesers is welkom om vir ons 'n ou familieresep te stuur saam met 'n foto van die ma of ouma wat die resep 'n familiedis gemaak het of 'n foto van hoe so 'n dis lyk.***

Hilda Gerber het gedink dat die Kaapse kookkuns sy ontstaan grootliks aan Maleise disse te danke het. Toe sy die resepte in haar kookboek, 'Traditional cookery of the Cape Malays', in die laat 1930's begin navors, het die Maleise vroue hulle resepte egter vertel dat hulle op die ou Hollandse manier kook.
Hilda se manuskrip is in 1949 voltooi, maar is eers ná haar dood op 4 Januarie 1954 tussen haar dokumente gevind. Sy was maar 50 jaar oud. Haar ander kookboeke sluit in: 'Fish Fare for South Africans' (1945); 'Little Betty's Cookery Book' (1948); 'Cape Cookery Old and New' (1950); 'With Love and a Ladle' (1953) en 'Sonskyn Resepteboek', wat Hilda vir die Sitrusraad in Pretoria geredigeer het.

## Gebore

Hilda, ook bekend as Hilde, is op 6 Desember 1903 in Oos-Londen in die Oos-Kaap as dogter van Jacob (Jack) Gerber en Else, 'n nooi Salomonson gebore. Sy het 'n suster Ruth en 'n broer Rolf gehad en het met dr Hans Herxheimer



*'n Rou kweper-sambal*
*Bron: gardenista.com*

(14 Januarie 1898 – 29 Januarie 1959) getrou. Hulle het twee dogters gehad: Hella Ruth Weiss en Marianne Julia Rowley.
Hans het gesê dat Hilda net ná die Eerste Wêreldoorlog in Duitsland was waar sy weens ernstige rantsoenering geleer het hoe om rondom voedseltekort te werk. Volgens Hans het Hilda Duitsland verlaat om van die Nazi-regering af weg te kom.
Haar spaarsamigheid het haar goed te staan gekom en in die voorwoord van Hilda se 'Traditional cookery of the Cape Malays' skryf dr ID du Plessis dat baie van die disse eksoties is, maar nie duur nie en dat die bestanddele maklik plaaslik bekombaar is. Die illustrasies is deur Katherine Harries.

## Verdien


Vandag sê mense dat Hilda se boek toentertyd nie die erkenning gekry het wat dit verdien nie. Dit is nie net 'n versameling resepte nie, maar 'n studie van kosgewoontes en 'n omvattende opname van 'n onderwerp wat lankal te boek gestel moes word.
Hilda het geskryf dat haar taak was om 'n erfenis, wat op die punt gestaan het om verlore te raak, op te teken. "Vrouens van alle ouderdomme onthou hoe hulle voorsate seker disse gemaak het en onthou duidelik hoe hulle dit in hulle jeug geëet het."
"Tog kan hulle self óf nie meer onthou hoe om die disse te maak nie, óf hulle gee net nie meer genoeg om nie. Vir dié rede is dit meer wenslik om 'n rekord van ou Maleise kookkuns te maak voor dit wat steeds tipies van die ou gewoontes is, vir ewig verdwyn."

## Name

Hilda het die name van die vrouens by elke resep opgeteken en ook die gebied waar hulle gewoon het, wat beteken dat hulle afstammelinge hulle bydraes kan naspeur. Dié resepte is glo woordeliks soos die vrouens dit aan haar vertel het, oorgeskryf en daar is meestal nie veel aandag aan presiese afmetings gegee nie. Sy het ook verskeie weergawes van dieselfde dis opgeteken en het die oorspronklike name van die disse in Engels, Afrikaans, Indies en Maleis neergeskryf.
Daar is watertand resepte vir disse soos talle soorte kerries, bredies, mango- en



*'Traditional Cookery of the Cape Malays'*
*Bron: bobshop.co.za*





*'Little Betty`s Cookery Book'*
*Bron: bobshop.co.za*

ander atjar, hoenderpastei, gesmoorde vis, roti, geelrys, blatjang, sambal, gestoofde groente en 'n aantal konfyte. Hilda het gesê dat die woord 'bredie' oorspronklik van Madagaskar na die Kaap gebring is en bredies is en bredies in haar boek sluit groente soos pampoen, blomkool, ertjies, boontjies, kool, wortels, rape, spinasie, tamaties en waterblommetjies in, maar ook eksotiese groente soos kohlrabi en postelein.
Volgens Hilda het Maleise kokke sambal verstaan as 'n gerasperde vrug of groente, veral appel, kwepers, wortels of komkommer, gesout en gegeur met asyn en rissies.

## Kweper-sambal


**Resep van mev Hercules, Markstraat, Claremont:**
Skil 'n kweper af en rasper dit. Voeg



*Illustrasies deur Katherine Harries*
*Bron: ebay*





*'With Love and a Ladle'*
*Bron: bobshop.co.za*



*Die inhoudsopgawe van 'With Love and a Ladle'*
*Bron: bobshop.co.za*

sout by. Stamp 'n klein stukkie knoffel en twee groen rissies in 'n vysel. Voeg dit by die gedreineerde kweper. Voeg 'n bietjie suurlemoensap by, maar geen asyn nie.

**Resep van mev Miriam Gazant van Vineyardweg, Claremont:**
Skil 'n kweper af en rasper dit. Voeg 'n bietjie sout by. Laat dit vir 'n rukkie staan en druk dan al die water uit. Sit die vrugtepulp in 'n klein bakkie en voeg 'n rissie en 'n bietjie rooi asyn by. Jy kan kweper-sambal saam met enige iets eet, vis of vleis, maar dit gaan veral goed saam met kerrie.




*'Sonskyn Resepteboek'*
*Bron: abebooks.com*

## Ingelegde vis

**Mev Miriam Gazant van Vineyardweg, Claremont se resep is so gemaak:**
Sny jou vis en was dit. Droog dit af en braai in olie, sonder om die stukke eers in deeg te sit.
Sny 'n redelike hoeveelheid uie op en gooi genoeg rooi asyn oor om die uie te bedek.
Voeg sout en peper, 'n rissie en 'n bietjie borrie by. Gooi ook 'n bietjie gedroogde gemmer oor.
Sit die mengsel op die vuur en laat dit stadig kook. As die skuim boontoe kom, skep dit af. Laat die uie net een keer opkook; hulle moet ferm en kraakvars bly.
Sit 'n bietjie van die vis in 'n bak en rangskik van die uie bo-oor dit. Voeg die res van die vis en die uie by. Gooi die vloeistof oor. Party mense voeg twee tot drie lourierblare by.




*Hilde Herxheimer en dr Hans Herxheimer se grafsteen*
*Bron: geni.com*



*Ingelegde vis* Bron: Skermgreep van video – Panana TV












# Hou ape só weg van vrugtebome

Inwoners van Cullinan berig dat meer klein troppies blouape as ooit voorheen hulle op dié dorp tuismaak en ewe lustig in vrugteboorde en groentetuine baljaar en vreet.



*Dié blouapie is 'n gereelde besoeker aan Cullinan se Oaklaan*
*Foto: Laurika van der Linde*

Blouape is omnivore en vreet vrugte en groente maar ook insekte, klein gewerwelde diere en voëleiers en kan groot skade in tuine, boorde en landerye veroorsaak.
Die kenners sê dat ape van groente en vrugte weggehou kan word deur 'n vloeistof wat kinien, rissies of troeteldierafweerder bevat, aan te spuit. Droë kerrie, rissies of tabakpoeier kan in beddings gestrooi word. Sprinkel Jeyes Fluid binne-in en rondom asbliksakke om die ape uit te hou.
Volgens Monkey Helpline, 'n geregistreerde nie-vir-wins organisasie, is blouape nie aggressief nie en sal baie eerder vlug as aanval, behalwe as hulle vasgekeer voel.
As 'n aap in jou huis of voertuig vasgekeer is, moet jy padgee en die aap toelaat om te ontsnap.
Moenie jou rug op die aap draai, weghardloop of gil nie. Beweeg stadig agteruit sonder om die aap direk in die oë te kyk. Blouape dreig mekaar deur te staar.
Leer jou honde om nie die ape aan te val nie – die hond kan baie ernstig beseer word. Volgens Monkey Helpline moet 'n mens ook nooit kinders met kos toelaat in 'n gebied waar blouape bedrywig is nie.
As jy wilde voëls in jou tuin voer, moet jy dit nie elke dag op dieselfde tyd doen nie, anders gaan die ape ook by jou voëlvoerder begin wag. As die aap wel elke dag opdaag, kan jy hom met jou tuinslang spuit – iets wat ape haat. Jy kan hulle ook met 'n waterpistool of spuitbottel spuit.
Ape is baie bang vir slange, so dit is raadsaam om 'n speelgoed-slang aan te skaf. Maak 'n toutjie aan die slang vas om hom te laat 'beweeg'. 'n Slang wat lank stillê flous die ape glad nie. Blouape is glo ook banger vir mans as vir vrouens.



*'n Blouaap vreet 'n mielie wat hy in 'n groentetuin op Cullinan se Oudorp gegaps het*

Die blouaap, voorheen *Cercopithecus aethiops*, is nou geherklassifiseer as *Chlorocebus pygerythrus*.
Mannetjies word gemiddeld 115 cm lank en weeg 5,5 kg, waar wyfies slegs 105 cm lank word en gemiddeld 4,1 kg weeg.
Die kenners sê dat tropsamehang rondom 'n dominante wyfie is.
Wyfies vorm 'n liniêre dominansie hiërargie waar die dogters hulle rang van hulle moeders erf. Mannetjies emigreer met die aanvang van puberteit. Hulle trek van trop tot trop, en spandeer omtrent drie jaar in 'n trop voordat hulle weer aanbeweeg.
Troppe het goed-gedefinieerde groepsgebiede met duidelike grense. Sosiale hegtheid word bevorder deur onderlinge versorging van mekaar se pelse. Dié hegte groepe het ook gemaak dat blouape 'n gekompliseerde reeks kommunikasiemaniere ontwikkel het. Studies is gedoen wat blouape se geluide in 19 verskillende kategorieë opdeel. Die geluid se interpretasie hang ook af van of dit met 'n toe mond of met tande-wys gepaard gaan.
Daar is drie verskillende waarskuwingsroepe vir landroofdiere, slange en voëls. Hulle het geluide wat beteken kom-ons-begin-nou-beweeg, 'n wye reeks aggressiegeluide, wat elk iets anders beteken, en net so 'n wye reeks geluide wat ma en kleintjie vir mekaar maak. Kleintjies kan soos 'n kat spin as hulle gelukkig is.
Die reeks geluide gaan gepaard, of nie, met liggaam- en gebaretaal waarvan die kenners al agt afdelings onderskei het. Een van dié is stertposisie. Die posisie van die stert as 'n aap op al vier bene staan, wys hoeveel selfvertroue hy het. 'n Bang aap se stert loop parallel met die grond. Hoe hoër die stert op beweeg, hoe beter voel die aap oor homself. Die wat werklik in hulle noppies met hulself is se sterte krul heeltemal om sodat dit parallel bo-oor die lyf staan.

# Klein apie gered

'n Klein blouapie is in Maart uit haglike omstandighede gered.
Wet Nose Dierereddingsentrum het dié apie, wat aan 'n geut op Bronkhorstspruit vasgemaak is, te hulp gesnel.
Volgens die reddingsentrum is die waterbak buite die apie se bereik geplaas. Hy was erg gedehidreer in die hittige son sonder enige koelteskuiling, hy was honger en is deur kinders getart.
Wet Nose het die apie by die Johannesburgse Veeartseny Hospitaal vir Wilde Diere laat opneem, waar hulle uitgevind het dat die outjie nie net fisies swaar gekry het nie, maar erge vrees vir mense toon en 'n "bodemlose honger"



*Die apie is aan 'n geut vasgebind*
*Foto: Wet Nose*

het, waarskynlik deur verlengde verwaarlosing.
'n Plek is vir hom by die Blouaap Stigting gevind, waar hy 'n pleegma gaan kry wat hom gaan wys hoe om soos 'n apie op te tree, te klim, te speel en om te leer hoe om te vertrou.

Wendy house special from treated pallet wood
3m x 3m R6 500 • 3m x 4m R7 500
Big or small, we do them all!
Marius 073 133 1452
Jan 078 296 2899

Spring Cleaning SA
NOW OPEN ~ NO LOAD SHEDDING ISSUES
• Specialized cleaning of Persian Rugs
• Cleaning carpets • Laundry • Sewing alterations
• Washing duvets and blankets • Mattress cleaning
• Cleaning wedding dresses and curtains
Unit 4 Ko-op Centre, Cullinan Next to Afgri 072 513 2554

Vakante pos
• Manlik • Kantoor administrasie en bestuur
• Kwalifikasies: Rekeningkunde graad of diploma
• Ervaring 5 jaar +. ISO9001 implementering
• Salaris gebaseer op ervaring
• Bronkhorstspruit
Stuur CV na vacancybhsa@gmail.com

"Here's to books, the cheapest vacation you can buy." — Charlaine Harris
Once Upon a Time BOOKSHOP
Oak Lane, Cullinan
Wednesday – Sunday 09:30 - 16:00
Closed Monday & Tuesday
Natasha 082 696 0479

Carpet Colour Dreams
Recolour your carpets and rugs.
Persian rug colour restoration.
072 513 2554

# Wet patches in the house


Dr Liesel van der Merwe is a small animal medicine specialist. Send her your questions: info@bronberger.co.za.



Dogs urinate in the house – male dogs out of ego and macho-ness, marking their territory. The odd female dog will also "lift her leg" and mark, but thankfully in general, urinating is less of a problem in the female of this species.
So, there is urinating indoors for behavioural – normal and abnormal reasons – and then the accidents in the house due to underlying disease conditions. Incontinence refers specifically to a weak bladder where urine leaks out during sleeping or lying as the bladder fills. There will be wet patches where you dog has been sleeping. This is common in sterilised bitches and responds to either medical or surgical management.
Medical management is by hormone supplementation to tighten the neck or outflow tract of the bladder. Surgery involves various techniques very similar to what are used in women who experience varying degrees of urinary incontinence as they age.
Incontinence in very young puppies is generally due to ectopic ureters – basically incorrect transplantation of the kidney tubes in the bladder. This generally needs surgical correction and occurs in males and females, but is more symptomatic in female dogs.
Then you get the situation where your dog starts leaving puddles in the house at night. In general this occurs because they are not able to concentrate their urine as well as before due to kidney problems or other diseases affecting the kidneys. This is also an indication to visit the vet.
These dogs will also be drinking more water to compensate for the increased fluid lost due to increased volume of urine. In some cases the increased volume of urine and fuller bladder will result in a dog previously continent, but on the edge, becoming incontinent. The incontinence will usually resolve for a while if the urine volume decreases, but eventually these dogs become symptomatic.
The final cause for inappropriate urination is called urge incontinence where dogs have cystitis and then the bladder irritation causes an urge to constantly urinate, even though the bladder is basically empty. They will also experience a burning discomfort. This occurs with infection and inflammation from bladder stones.
In cats it can occur due to stress.
So, there will be multiple small patches of often bloody urine accompanied by increased discomfort and straining whilst urinating.
It is very important, especially in male animals, to make sure the bladder is not blocked. The starting must produce urine. If they are straining without urine being produced, go see your vet as soon as possible.
Cats are slightly different and abnormal urination onto flat surfaces – chairs, cushions, pillows – apart from the odd marking of vertical surfaces, can often be a behavioural problem very difficult to resolve.
When there is excessive marking: Make sure no other cats are getting in. Close off access to the house to other cats when you're not there and wash curtains and upholstery.
I lift the curtain up on the rails for several months to break the cycle. There are also special cleaners available to remove the pheromone smells.
Make sure there are sufficient litter boxes available. In wet weather, give outdoor cats dry sand somewhere if they are finicky. A stressed cat, especially in multi-cat households or with strange cats in the environment, will develop stress cystitis. Environmental modification and prescription diets with anxiolytic supplements are available and are effective here.
With my macho male dogs, I've resorted to carpets which fit into the washing machine and throws on the upholstery . . . and I've treated pegs and elastic bands. We have good weeks and bad weeks and yet I still think my pets don't rule my life.

# Support for bereaved pet parents

The South African Depression and Anxiety Group (SADAG) launched a support group for those who have ever or recently lost a beloved pet. The group started on 1 March and is available seven days a week, from 8 am to 6 pm.
"Losing a pet can be an incredibly difficult and emotional experience, and this community will offer comfort and support to those who are grieving," said support group leader, dr Kendall.
"I realised that there is really not much support out there specifically designed for pet parents. This group will operate purely from a WhatsApp group, so those pet parents who need support can still have a safe space consisting of people who understand their grief."
Members can join discussions, share memories of their pets, and receive support from others going through a similar experience. People who need immediate support or simply want to connect with others who understand their grief are welcome.
To join the group, contact dr Kendall on 082-662-6659. Participation is free, and all are welcome regardless of the circumstances surrounding their pet's passing.
To learn more about SADAG's other mental health support groups, visit www.sadag.org, call them at 0800-21-22-23, or SMS 31393 to speak to a counsellor.



*Members can share memories of their pets*
*Photo: Alexander Mass*

Donkerhoek
Veeartsenykundige Spreekkamers
Veterinary Consulting Rooms
Prof C.M.E. McCrindle
BVSc (Hons) PhD (Vet Eth) (Pret)
072 974 4914
SATURDAY CONSULTATION 9 AM TO 1 PM FOR WALK-IN CLIENTS
MOBILE CLINIC DURING WEEK
Plot 115, Kaalfontein, on the R515 next to David's Store

• DIGGING TRENCHES • DIGGING POOLS
• DIGGING FOUNDATIONS
• LANDSCAPING WORK
• FITS IN SMALL SPACES
• TRUCK RENTAL
ORYX
Mini excavator rental
Jacques 079 458 4485 / oryxrevamp@gmail.com

GD GRANITE cc
GRAFSTENE/TOMBSTONES
Vervaardigers van hoë kwaliteit grafstene
Koop direk van die fabriek
Volledige diens: vanaf kwotasies, bewoording en oprigting
Rig orals in Gauteng en omliggende dele op
Onbeperkte letters op grafsteen
012 802 0087 / doricia@gdgranite.co.za
DONKERHOEK QUARRIES, PTA-OOS (12km vanaf Hans Strijdom op ou Bronkhorstspruitpad)

CULLINAN GENERAL ENGINEERING
All engineering, welding, sand blasting, inserts, aluminium welding, rethreading, bearing press, milling, lathe work, battery charging
Unit 3B Ko-op Centre, R515 Cullinan
078 084 8592




Bronnie van den Berg

# Oordeelsdag op Mosbank



Dit laat hom dink, sê oom Pottie toe 'n kar se irriterende toeteralarm met 'n hengse geskal hier buite in die parkeerplek afgaan. Aan oom Jan en tant Hansie en die vreeslike nag van die oordeelsdag, laat dit hom dink, sê oom Pottie.

Oom Jan en tant Hansie het mos destyds op Mosbank geboer en oom Jan het 'n opregte plaaswinkel bedryf. Die winkel was aan die opstal vasgebou en die waenhuis was deel van die hele sakekompleks.

Die waenhuis is ook as voorraadkamer gebruik en die sakke mielies wat oom Jan vir koffie, meel, suiker, tabak en ander noodsaaklikhede verruil het, het die plek met sy 1939 model Hubmobile gedeel, sê oom Pottie en hy vat 'n behaaglike teug aan sy gebroude bruisdrankie.

Dis of hy daardie winkel op Mosbank nog kan sien – en kan ruik. Op sy eie plekkie op die toonbank staan die rol pruimtwak, netjies om 'n houttol gedraai. Langs die tol is 'n uitgeholde broodplank en 'n ou kombuismes om die verlangde lengte pruimtwak mee af te maak. Onder die toonbank is 'n streepsak vol suurklontjies. Geen klant sal die winkel verlaat sonder 'n pasella kardoesie uit koerantpapier gedraai met 'n aantal suurklontjies daarin nie – 'n soort van kontantkorting, sê oom Pottie, Ek kan in sy oë sien hy is weer op Mosbank – binne in oom Jan se plaaswinkel.

Nou was oom Jan 'n groot kerkmens en ouderling op die koop toe. In die opstal op Mosbank is gereeld boeke gevat. Jy kan maar sê daardie gratis suurklontjies was oom Jan se vertolking van 'brood op die waters,' sê oom Pottie.

Die Hubmobile was oom Jan se trots, maar dit was meer van 'n simbool van sy sukses as 'n verbruiksartikel. Hy het sy kar en perde verkies as vervoermiddel. Die Hubmobile het maar meestal onder 'n bokseil in die waenhuis bly staan – saam met die sakke mielies, en die rotte van die mielies gelok is en die werfkatte wat jag op die rotte gemaak het.

Nou is rot se kind mos 'n uitgeslape ding en gou het die gebroedsel agtergekom dat die werfkatte hulle nie kan bykom as hulle veilig onder die Hubmobile se enjinkap skuil nie.

En toe ontwikkel die rotte 'n smaak vir die pik van die battery en later begin hulle vir afwisseling aan die elektriese bedrading weglê – te lekker. Tot daardie angsvolle nag uiteindelik aanbreek, sê oom Pottie.

Hy sê die staanhorlosie in die voorkamer het pas twee slae gegee en almal in die huis slaap die slaap van die regverdiges toe die rot die laaste stukkie isolering van die Hubmobile se toeterdraad deurvreet.

En dit veroorsaak dat die toeter toe met 'n oorverdowende en aanhoudende geskal in die stilte van die nanag losbars. Oom Pottie sê die daaropvolgende gebeure is deur tant Hansie self aan hom oorvertel.

Oom Jan word wreed deur die slepende getrompetter uit sy diep slaap gewek. Hy spring regop en gryp tant Hansie aan die skouer. "Hansie my vrou, staan op! Dit het gebeur. Dis die oordeelsdag! Hoor daar hoe blaas die engele op hulle beuls en trompette!"

Tant Hansie sê sy kon duidelik ook die geskal van die trompette hoor en was oortuig daarvan dat oom Jan reg is. Oom Jan blaf 'n bevel vir tant Hansie om die seuns te loop haal en hom in die eetkamer te ontmoet.

Toe sy en die drie windverwaaide seuns, Boet, Joël en Koos, by die eetkamer inbars, sit oom Jan aan die hoof van die tafel met die Statebybel voor hom oopgeslaan. "Kom vrou, kinders. Kom sit laat ons vir oulaas boekevat," sê oom Jan.

Dis glo toe dat die oudste seun, Boet, die deur tussen die eetkamer en die waenhuis oopmaak. Bokant die vreeslike getoet skree die knaap uit volle bors: "Nee pa, bêre die Bybel! Dis nie die engele en die oordeelsdag nie – dis die Hubmobile se toeter!"

***Gerhard Kleijn – Maart 2007***









# Heed the call

Are you open to the likelihood that ideas want to exist and are looking for willing human co-workers to give them shape and make them exist in this world?

Nick Williams says he likes the idea that the means of mediation between us and the realm where these ideas exist is The Muse. She is relentlessly trying to get our attention for new and thrilling endeavours to work together on.

It is often difficult to hear The Muse's invitation. Nick says that the more important a project is to your growth and success, the more resistance you may experience around it. So, strange as it may sound, resistance can actually be a pointer.

He explains that the most common form of resistance is simply to dismiss the ideas that The Muse brings us. Eventually The Muse moves on and finds someone open to the quest and then we get outraged when someone else brings 'our' idea into existence.

"By dismissing the idea, we stay safe, we don't have to face our fears, risk failing or looking stupid. But we also stay small and unfulfilled. We rob ourselves of the adventure . . . And then we all lose," Nick says. You don't experience the growth of bringing your creations into existence and the world misses out on what you have to contribute.

Doing what truly matters to you is more important than you might think. A palliative care worker once told Tara Brach that the number one regret people had at the end of life is that they didn't live true to themselves.

I guess you can say that they didn't heed the call of The Muse. Why not? Tara says that when you're caught up in self-judgement, you're cut off from fullness and creativity. You react from a small, contractive space in ways that take you further away from who you want to be and deepen your feelings of unworthiness.

When your sense of identity becomes focused on feelings of deep deficiency, you are unable to live true to yourself. You find your way home again if you can directly be in touch with your suffering instead of dodging your sense of not being good enough.

And this, Tara says, you do in two steps. The first one is mindfulness – recognizing what's happening in the present moment and not adding judgement. The second step is compassion – regarding whatever is happening with kindness.

Ask yourself two questions: What's happening inside me? Can I be with this with kindness? Feeling your fears and insecurities and being in your wounded places are the keys to waking up out of the trance of unworthiness, Tara says.

Worthiness or unworthiness is something that is pronounced upon you by you, says Esther Hicks. "You are the only one that can deem yourself worthy or unworthy. You are the only one who can love yourself into a state of allowing, or hate yourself in a state of disallowing."

You cannot borrow worthiness from any external factors or situations, says Christy Whitman.

The more you look for others to validate your worthiness, the less worthy you feel. She says that the biggest delusion about feeling worthy is that it's something you have to earn or achieve.


You cannot build feelings of worthiness by trying to conquer all the ways in which you are not worthy, says Christy. Worthiness is sourced from within, and you access it by virtue of how and where you direct your attention. You're either looking for evidence of your worthiness, or you're arguing for your worthlessness.


When you spend a lifetime trying to distance yourself from the parts of your life that don't fit with who you think you're supposed to be, you stand outside of your story and try to earn your worthiness by constantly performing, perfecting, pleasing, and proving, says Brené Brown.

Your sense of worthiness lives inside of your story, she says. Believing you're enough is what gives you the guts to be real, vulnerable and imperfect. Not believing it, you shape-shift and turn into a chameleon. So, you either walk inside your story and own it or you stand outside your story and hustle for a worthiness you already possess.

Ask The Muse, girlfriend. She'll tell you that you are exactly the right person and, at this very instant, you're precisely where you're meant to be. This is the perfect time to own your story.




Blyfontein Kwekery
Alles wat jy nodig het vir 'n pragtige Herfs-tuin!
SPESIALE AANBIEDINGS:
· Spekboom @ R50
· Aloe ChaBaudi @ R45
· Boomaalwyne @ R200
Die enigste inry-kwekery in die Ooste
Anna 083 600 1909 · Pine 082 600 7776 · Henderson 078 416 5300
www.blyfontein.co.za
Maandae – Vrydae: 8vm - 4:30nm · Saterdae: 8vm - 3nm · Sondae gesluit
Lynnwoodweg-verlenging 8km verby Hans Strijdomrylaan oorkant Swaeltjie-afdraai


Introducing ...
BIANCO CALACATTA
BIANCO CALACATTA
@ R3999-00 / m²
excl VAT
25 year warranty
silestone
silestone®
Designed by COSENTINO
MAKING KITCHEN TOPS
JSP
SINCE 1993
WE ARE A LEADING FABRICATION COMPANY OF ALL STONE BRANDS IN GAUTENG.
WE INSTALL AND SELL DIRECT TO THE PUBLIC
· KITCHEN TOPS · VANITIES · FURNITURE PIECES · CLADDING ·
· FIREPLACES · FACADES · FLOORING ·
For quotes or more information call or whatsapp:
Verny 082 334 1891 | Sales office 071 643 4342 | 012 809 8927/8
For sales enquiries e-mail verny@juststone.com | sales1@juststone.com | admin1@juststone.com
www.juststone.com
Follow us on social media to see our latest projects & new exciting products
EAST RIDGE DESIGN CENTER, SHOP C1, GRAHAM ROAD, ZWAVELPOORT, PRETORIA
BOXMAN®
FOR ALL YOUR BOX NEEDS.
012 809 8927/8 / 071 643 4342
info@boxmanpretoriaeast.co.za
A8, East Ridge Building and Design Centre Lynnwood, Graham Road & Boschkop Road, Zwavelpoort, Pretoria

DETOKS

# KRUIE
## LAKSEERMIDDEL

### ONDERSTEUNING VIR:

- die vermindering van opgeblasenheid en ophoping om die middellyf te help verdun asook om liggaamsgewig en vetmassa te verminder
- 'n lewer en kolon detoks vir beter vertering en algemene gesondheid
- die verligting van korttermyn hardlywigheid en 'n spysverteringstelsel detoks
- 'n metabolisme hupstooting om vette, proteïene en koolhidrate te verteer
- die verbetering van 'IBS'-simptome en om simptome meer verdraagbaar te maak deur die gebruik van kruiemedisyne
- die gunstige aksie van 'n osmotiese en stimulerende pergasiemiddel
- pektien en inulien prebiotika en 'n gesonde spysverteringstelsel
- vermindering van die risiko verwant aan aambeie, derm-inkontinensie en fekale impaksels



Met inoLax® kry jy die ondersteuning en verligting wat jy benodig. Maak die liggaamswêreld oop om energie en herlewing te ervaar!





inoLax®
Forte




**S0:** Hierdie produk is 'n Komplementêre Medisyne (Kategorie D33.7); en word volgens sy dissipline as 'n kombinasieproduk geïdentifiseer. Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA vir sy gehalte, veiligheid of beoogde gebruik geëvalueer nie. Verwys asseblief na die voubiljet. Besoek www.tara.org.za of kontak info@tara.org.za vir meer inligting.